## 19 Julie — Amos 7:1-9; 8 en 9

### *Wat laat die Here ons deur Amos sien?*

In die Bybel openbaar die onsienlike God hom aan ons. Waarom? Sodat ons die Here reg kan ken. Die Bybel is ook 'n spieël waarin die mens homself sien soos hy waarlik is. In hoofstukke 1 -6 aanskou ons veral die mens. Hoofstukke 7-9 laat die klem val op die Godsopenbaring.

Die eerste twee visioene (sprinkane en vuur) laat ons God as barmhartige sien. Israel is ryp vir die oordeel. God gaan hulle straf met sprinkane en vuur. Amos bid: Ag Here vergewe tog... Jakob is klein. Gee nog tyd. "Goed", sê God "dit sal nie gebeur nie". So leer ons God ken as genadig en lankmoedig.

Gesigte 3 en 4 (skietlood en oorryp vrugte) maak God as regverdige bekend. Die Here bly sy skietlood aanlê. Hy kyk of ons reg lewe. Sy genade kanselleer nie sy reg nie. Wanneer ons God se genade en lankmoedigheid minag, word ons soos vrugte wat oorryp geword het. God werp ons uit.

Die vyfde gesig openbaar God as die getroue. God misluk nooit. Die sonde kan nie God se planne en heil vernietig nie. Hy begin voor en skep uit 'n hut (oorblyfsel) 'n nuwe toekoms (9:8,11). Die Here kan dit doen omdat Hy die Almagtige is (9:5). Hier by Amos begin God al skep aan 'n nuwe hemel en nuwe aarde waar daar nie meer sonde en verdriet sal wees nie (9:13-15). Hiermee is kragtig voortgegaan in Christus en die Gees.

Deel jy in die nuwe ryk?

Sing: Skrifberyming 45:1, 12

Dr. N.P. Heystek (Wapadrant)